# Feiteblad



SOLIDARITEIT HELPENDE HAND
DEEL VAN DIE SOLIDARITEIT BEWEGING

# INHOUDSOPGAWE


| | |
|---|---|
| Solidariteit Helpende Hand | 4 |
| Gesinne | 5 |
| Kinders | 6 |
| Studente | 9 |
| Persone met gestremdhede | 10 |
| Bejaardes | 11 |
| Armoede | 11 |



As organisasie is Solidariteit Helpende Hand in wese besorg oor kinders, gesinne, persone met gestremdhede en ouer persone en wil hulle graag holisties in hul gemeenskappe ondersteun. Solidariteit Helpende Hand wil deur maatskaplik gebaseerde gemeenskapsontwikkeling die selfontwikkeling van die mens in sy gemeenskap en die ontwikkeling van die gemeenskap as geheel bevorder. Solidariteit Helpende Hand se fokus en werkswyses is geskoei op navorsing.

## ONS WERKSAAMHEDE BESTAAN LANDSWYD UIT DIE VOLGENDE:

- **161** **personeellede**
- **14** **streke met ten minste 'n streeksorganiseerder, 'n maatskaplike werker en 'n kliëntediensbeampte**
- **155** **takke met 1 119 ondersteunende taklede**
- **48** **dorpsverteenwoordigers**
- **203** **kontakpunte met dorpe en stede**

Ons werksaamhede is vervat in die Gemeenskapsherstelplan en kan in 49 punte opgesom word. Besoek gerus https://helpendehand.co.za/gemeenskapherstelplan/

# Gesinne

Ons gesinne is die boustene van ons gemeenskappe. Gesonde gesinne is die anker van gemeenskappe en kan met die nodige begeleiding fisiese, sosio-emosionele, kulturele en geestelike ondersteuning aan die kwesbaarste lede van die gemeenskap bied. Dit is vir ons belangrik dat die mens deur sy gemeenskap tot 'n ontwikkelde, selfstandige, selfverantwoordelike en optimaal funksionerende persoon ontwikkel moet word, wat dan gesonde, funksionerende gemeenskappe tot gevolg sal hê.

## Ons gemeenskapsnavorsing onder meer as 15 000 gesinne regoor Suid-Afrika toon die volgende:

**57%** van gesinne wil 'n verskil in hul gemeenskappe maak.

**59%** van gesinne het 'n behoefte om uit hulle skuld te kom.

**60%** van gesinne se voorsiening vir hul aftrede is onvoldoende.

Ons is oortuig daarvan dat basiese opleiding aan individue in hul gemeenskappe die belangrikste sleutel tot volhoubaarheid en selfstandigheid van gemeenskappe as geheel is omdat dit werksekerheid bevorder.

**8%** van gesinne beleef ernstige inkomstetekorte en leef op of onder die broodlyn.

**6%** van gesinne is werkloos.

**21%** van gesinne het 'n behoefte aan opleiding in tuisversorging.

**67** versorgers is reeds deur ons opgelei, maar die behoefte is baie groter.

# Ons hand in Sy hand

Die doel met die handleiding is om geestelike toerusting saam met maatskaplike ontwikkeling aan die Helpende Hand-gemeenskappe te bied. Op hierdie wyse wil Helpende Hand sy vrywilligers, takke, streke en personeel toerus om gemeenskappe se voorspoed te verseker.

**84%** van gesinne beskou geloof as belangrik.

**41%** van gesinne ervaar gebrekkige ondersteuning in hul gemeenskappe.

**11%** van gesinne het 'n behoefte aan geestelike leiding.

# Ons Winkel

ONS WINKEL

Ons Winkels ondersteun die gesinne in ons gemeenskappe op die volgende wyses:

**120** winkels voorsien bekostigbare produkte van 'n hoë gehalte aan gesinne.

**360** werksgeleenthede word deur die Ons Winkels geskep wat dit vir persone moontlik maak om na hul gesinne om te sien.

**13+** miljoen rand word landswyd in gemeenskappe per jaar teruggeploeg.

# Kinders

Met projekte soos HelpJag wat vleis aan kleuterskole voorsien, die Kosblikkieprojek, die Skooltassieprojek en die HelpHetta-projek dien ons kinders in die gemeenskap. Ons wil graag in die toekoms nog projekte ontwikkel om kinders en hul gesinne te ondersteun en optimaal te ontwikkel.

Die Kosblikkieprojek fokus daarop om instansies soos kleuterskole, nasorg- en gemeenskapsentrums met die regte voedsel te steun en HelpJag voorsien gesonde proteïene. Met die Piet Tande-projek wil ons gesonde mondhigiëne-gewoontes by kinders vestig.



## Kosblikkieprojek

- *8 000* kleuters word daagliks van 'n gesonde maaltyd voorsien.
- *120* instansies soos kleuterskole, naskoolsentrums en kinderhuise word deur die projek ondersteun.

## Helpjag

- *1 000+* jagters het die laaste vyf jaar vir ons vleis geskenk.
- *140* ton wildsvleis is oor die laaste vyf jaar ingesamel, verwerk en landswyd onder verskeie instansies versprei.

## Piet Tande

'n Inisiatief ten bate van Solidariteit Helpende Hand se Kosblikkie-projek

- *94%* van ouers is nie daarvan bewus dat jy 'n kind tot op 10-jarige ouderdom moet help tande borsel nie.
- *58%* van ouers weet nie dat 'n melktand met 'n gaatjie gestop moet word nie.
- *69%* van ouers besef nie dat kinders hul tande twee minute lank moet borsel nie.

## Skooltassie

Skooltassies met die nodige skryfbehoeftes word jaarliks aan geïdentifiseerde graadeentjies voorsien sodat al ons kinders 'n gelyke wegspringkans kan kry.

*84%* van Afrikaanse skole het geen ander befondsing om tassies of skoolbenodighede te voorsien aan gr. 1-leerders wat dit nie kan bekostig nie.

*3 000* tassies word jaarliks aan ongeveer 107 skole reg oor Suid-Afrika voorsien.

## HelpHetta

Elke maand kom 3 000 skoolgaande meisies se lewens vir vyf dae tot stilstand omdat hul huishoudings nie sanitêre ware kan bekostig nie.

*Navorsing het getoon dat:*

**52** skooldae jaarliks gemis word deur meisies wat nie sanitêre ware kan bekostig nie;

**43%** van die meisies wat deel is van die HelpHetta-projek 'n behoefte aan selfverdedigingsklasse het; en

**55%** meisies hul selfwaarde en selfbeeld wil uitbou.

## Tekkies en Toks

Die bekende Suid-Afrikaanse losskakel Morné Steyn is die ambassadeur van hierdie projek wat kinders voorsien van sporttoerusting van 'n goeie gehalte en hulle terselfdertyd toerus met die nodige kennis oor goeie sportmanskap.

**300+** pare sportskoene is al ingesamel om aan hoërskoolleerders te skenk wie se ouers dit nie finansieel kan bekostig nie.

## Ons Plek en Ons Sentrum

Ons Plek-sentrums bied naskoolaktiwiteite, gebalanseerde maaltye en fisiese en geestelike stimulering aan kinders in geïdentifiseerde areas in Suid-Afrika.

Die Ons Sentrum bied aan kinders in Pretoria-Noord terapiesessies om emosionele en fisiese trauma aan te spreek.

- **7** Ons Plek-sentrums
- **38** personeellede
- **125** kleuters
- **5** kleuters in speelgroepe
- **269** naskoolleeders
- **75** terapeutiese sessies weekliks

# Pleegsorgveldtog

Daar is 'n kommerwekkende tekort aan pleegouers. Om dié rede het Solidariteit Helpende Hand 'n spesiale aanlyn platform geskep om dit vir potensiële pleegouers makliker te maak om met Kinderbeskermingsorganisasies in verbinding te tree.

**40 gesinne het op dié platform aangemeld om pleegouers te word.**

# Studente

Een van Solidariteit Helpende Hand se grootste fokusareas is die opleiding van ons kinders en jongmense om sodoende vir hulle 'n voorspoedige toekoms te verseker. Die HELPENDE HAND STUDIETRUST (HHST) is 'n inisiatief van Solidariteit Helpende Hand wat dit met rentevrye studielenings vir Afrikaanse studente moontlik maak om te gaan studeer.

- *206* onafhanklike studiefondse word deur die HHST geadministreer.
- *5 514+* studente se studies is reeds moontlik gemaak.
- *R249+* miljoen is sedert 2003 aan toekennings spandeer.

**Navorsing onder die Studietrust se afgestudeerde studente toon dat:**

- *75%* van die studente in 'n beter finansiële posisie as hulle ouers is;
- *71%* van die studente finansieel by hulle kwalifikasie baat; en
- *71%* van die studente verdien met hulle kwalifikasie R10 000 tot R25 000 per maand.





# Persone met gestremdhede

By Solidariteit Helpende Hand glo ons dat ons persone met gestremdhede ook sterkpunte en gawes het en dat hulle saam met Solidariteit Helpende Hand werklik 'n volhoubare verskil in hul gemeenskappe kan maak. Hulle kan ook 'n pilaar van hoop wees en hoop saai waar hulle geplant is.

Navorsing by 60 instansies in Suid-Afrika wat na persone met gestremdhede omsien, toon aan dat:

- *70%* van die instansies 'n waglys vir versorging het;
- *84%* van die personeel by sodanige instansies opleiding in konflikhantering benodig; en
- *76%* van die personeel opleiding in kommunikasievaardighede en rekreasie-programme benodig.

# Bejaardes

Solidariteit Helpende Hand poog om ons gemeenskappe te leer om weer verantwoordelikheid te neem om vir bejaardes in hulle lewens en om die bejaardes in hulle gemeenskappe te ondersteun en versorg. Solidariteit Helpende Hand wil met hulle projekte wat op bejaardes gemik is bejaardes se waardigheid bevorder en hulle aanmoedig om hul kennis en vaardighede aan die volgende geslag oor te dra. Ons wil hulle ondersteun, bederf en vereer en hulle aanmoedig om aan te tree en nie af te tree nie.

**Navorsing by 70 tehuise vir bejaardes in Suid-Afrika toon dat:**

- *63%* bejaardes slegs 'n SASSA-toelaag of 'n inkomste van ongeveer R1 800 per maand ontvang, terwyl die gemiddelde tarief vir verblyf vir bejaardes R6 619 per persoon is; en
- *74%* bejaardes nie 'n mediese fonds het nie en op die staat se mediese versorging moet staatmaak.

# Seniors in Aksie

Seniors-in-Aksie is 'n program wat eenvoudige bewegings behels. Dit word deur ons maatskaplike werkers gefasiliteer om bejaardes in ons gemeenskappe se brein helder en kalm te maak en hul eensaamheid te verminder. Die bewegings bring positiewe emosies mee en help die bejaardes selfs om flinker te beweeg.

**80%** **van bejaardes ervaar eensaamheid in hul gemeenskappe.**

**121** **vrywilligers is reeds opgelei om die eenvoudige bewegings saam met die seniors in ons gemeenskappe te doen en hulle lewenskwaliteit sodoende te verbeter.**

# Armoede

Die armoedegroep/laerinkomstegroep beslaan 8% of 1 141 van die 15 363 nasionale respondente en alle statistieke moet teen hierdie agtergrond beskou word.

Die laerinkomstegroep is meestal werkloos (36%) of reeds afgetree (24%) en 'n klein groepie is studente (8%). Dié groep is laer gekwalifiseerd (74%), huur meestal wonings (42%) en het 'n groter inkomstetekort (76%) as die nasionale gemiddeld (40%). Hulle ontvang SASSA (53%), beleef soms of gereeld voedseltekorte (46%) en werksverliese (52%) en het meestal geen aftreevoorsiening (90%) nie. Die groep het beduidend meer agterstallige skuld (2%-4%) as die ander inkomstegroepe. Hulle beleef verskeie gesondheidsuitdagings maar het geen mediese voorsiening (79%) nie. Hulle het 'n groot behoefte aan opleiding om 'n werk te kan kry (68%) wat vir hul van 'n beter inkomste kan voorsien. Alle ander opleiding toon dieselfde tendense as in die nasionale verslag met 'n gemiddelde 6% tot 15% groter behoefte aan entrepreneurskapopleiding (54%) en opleiding in tuisversorging (35%) en skoonmaakdienste (30%).

# Verder:

- **72%** het 'n behoefte aan finansiële opleiding.
- **53%** is soms of gereeld sonder medikasie.
- **46%** het eie vervoer teenoor 81% nasionaal wat werksgeleenthede 'n uitdaging vir hierdie groep maak.
- **20%** ervaar gesinsgeweld in hul gemeenskappe teenoor 14% nasionaal; verder toon alle maatskaplike kwessies dieselfde tendense as nasionaal.
- **12%** woon by familie of vriende.
- **9%** woon in 'n kamer of woonstel by iemand anders se huis.
- **6%** van die respondente woon in 'n karavaan of tent.
- **460+** wit plakkerskampe in Suid-Afrika (Writer, 2016). Ongelukkig is dit sporadies; wanneer een begin, migreer 'n ander se mense daarheen en soms maak een dan toe.